
# Selfstandige Naamwoord

'n Selfstandige naamwoord is iets waaraan jy kan vat.



- Jan sit op die stoel.



- Ben bestuur die kar.

- Die kat vang die muis.




# Byvoeglike naamwoord

'n Byvoeglike naamwoord vertel jou meer van die selfstandige naamwoord.


- Die nuwe kar is groen.



- Die stadige skilpad is oud.



- Die geel son skyn helder.



# Werkwoord

'n Werkwoord is iets wat jy doen.

Karla **swem** in die swembad.

---

'n Werkwoord kan ook **is** en **word** wees.

- Die seun **is** siek.
- Mia **word** nege jaar oud.

---

'n Werkwoord kan ook in die verlede tyd wees:

- Sy **het** gister met haar poppe **gespeel**.



# Bywoord

'n Bywoord vertel ons meer van die werkwoord.




## Bywoord van plek

(waar)

- Die kinders speel buite.

---



## Bywoord van wyse / manier


(hoe)

- Karla draf vinnig.

---

## Bywoord van tyd

(wanneer)



- Ben bad in die aand.